higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT INLIGTINGSTELSELS
NKR VLAK 2

(10041002)

7 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

094Q1N2207

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 … is daarvoor verantwoordelik om te verseker dat werknemers die nodige opleiding ontvang om hul take uit te voer.

A Topbestuur
B Middelvlakbestuur
C Laervlakbestuur
D Strategiese bestuur

1.1.2 Inligting is nuttiger as bestuurders dit kan … om hulle met besluitneming te help.

A ontleed
B bewaar
C kopieer
D stoor

1.1.3 … verskaf inligting aan diegene wat dit benodig, wanneer hulle dit benodig, sodat hulle dit in die organisasie kan gebruik.

A Informasietegnologie
B Netwerke
C Data
D Inligtingstelsels

1.1.4 Kontroles vir stelselonderbrekings sluit meganismes soos … in

A onderbrekinglose kragtoevoer
B ewetoeganklike geheue (‘random access memory’)
C leesalleengeheue (‘read-only memory’)
D wagwoordbeskerming

1.1.5 … help bestuurders om data wat ingesamel is, te ontleed.

A Insamelingstelsels
B Versendingstelsels
C Analitiese stelsels
D Rapporteringstelsels

Kopiereg voorbehou

1.1.6 … is ontwerp om spesifieke take uit te voer.

A Aldoelrekenaars (‘General-purpose computers’)
B Alomteenwoordige (‘Pervasive’) rekenaars
C Spesialedoel-rekenaars
D Konvergensierekenaars

1.1.7 … datasamedrukking is geskik vir video’s, foto’s en geskandeerde dokumente.

A Verlieslose
B Hoë
C Verliesende (‘Lossy’)
D Datastroom-

1.1.8 ’n Voorbeeld van ’n impakdrukker is ’n …drukker.

A inkstraal-
B laser-
C veelfunksie-
D stippel- (‘dot matrix’)

1.1.9 ’n … word as invoertoestel vir mobiele toestelle gebruik.

A Raakskerm
B Luidspreker
C Drukker
D Roeteerder (‘router’)

1.1.10 …kontroles word gebruik om te verseker dat data akkuraat vasgelê word.

A Afvoer-
B Toevoer-
C Data-
D Wagwoord-

(10 × 1) (10)

1.2 Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

netwerke; Blu-ray; organisasie; kontroletotaal; risiko; toegangsbeheer; interaksie; elektriese; muis; slim

1.2.1 'n … is 'n groep mense wat saamwerk om 'n gemeenskaplike doel te bereik.

1.2.2 … vorm die grondslag van kommunikasie tussen gebruikers.

1.2.3 Inligtingstelsels kan talle rolle in 'n organisasie vervul; hierdie rolle is in … met mekaar om die organisasie te help.

1.2.4 Die term … word as 'n bedreiging vir 'n onderneming se data gekategoriseer.

1.2.5 'n Werknemerkaart kan gebruik word om ... in 'n organisasie te verseker.

1.2.6 'n Elektromeganiese toestel is een wat ... asook meganiese prosesse gebruik.

1.2.7 'n ... optiese skyf word gebruik om groot lêers, byvoorbeeld rolprente, te stoor.

1.2.8 'n ... is 'n direktetoegang-toestel wat gebruik word om data in 'n stelsel te voer.

1.2.9 Voorraadtellings kan vir akkuraatheid nagegaan word deur die ... prosedure te gebruik.

1.2.10 Terminale wat verwerkingskapasiteit het, staan as ...terminale bekend.

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Die bestuur is daarvoor verantwoordelik om te verseker dat personeel opgelei word vir die posisie wat hulle vervul.

1.3.2 Bestuurders se besluitmeningsvaardighede sal waarskynlik verbeter namate hulle meer ervaring opdoen.

1.3.3 Inligtingstelsels word gebruik om ondernemings te ondersteun deur inligting aan bestuurders te verskaf wat met mededingers vergelyk kan word.

1.3.4 Logikabomme is virusse wat alle data op die ontvangerrekenaar enkodeer (‘encrypt’).

1.3.5 Rekenaarvirusse vernietig hulself outomaties op ’n rekenaar as hulle nie deur die gebruiker uitgevoer word nie.

1.3.6 Eerstegenerasie-rekenaars het ’n baie basiese stel instruksies gebruik om ’n taak uit te voer.

1.3.7 In interaktiewe verwerkingsmodus kontroleer die rekenaar of jy data korrek op die vorm ingevul het.

1.3.8 Rekenaarlêers is tydelike stoorplekke vir rekords.

1.3.9 Mobiele drukkers hoef nie by ’n kragpunt ingeprop te word nie, want hulle werk met batterye.

1.3.10 Daar is verskillende soorte sleutelborde, byvoorbeeld ’n oprol-sleutelbord.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.4 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Die insameling van verwante data deur die inligtingstelsel om in die spesifieke behoeftes van ’n departement te voorsien	A	Gedesentraliseerde inligtingstelsel
1.4.2	Inligting wat op een of ander manier verwerk is om te help om ingeligte besluit te neem	B	antivirusbywerking
1.4.3	’n Stelsel wat voorsiening maak vir die insameling, berging en verspreiding van inligting	C	inligtingsbehoeftes
1.4.4	’n Soort inligtingstelselopstelling waar elke departement hul eie inligtingstelsel gebruik	D	hardeskyf
1.4.5	Die proses waarin nuwe virusdefinisies by die antivirusdatabasis gevoeg word	E	sentrale verwerkingseenheid
1.4.6	’n Komponent van die moederbord wat bygewerk kan word om verwerkingsvermoë te verbeter	F	*delete*
1.4.7	’n Metode om te verseker dat data herwin kan word as die oorspronklike stoortoestel beskadig word	G	datarugsteun
1.4.8	’n Soort platpaneelskerm wat algemeen in die 90’s gebruik is	H	inligtingstelsel
1.4.9	Die interne stoortoestel op ’n tafelrekenaar	I	katodestraalbuis
1.4.10	’n Spesialedoel-sleutel wat gebruik word om karakters regs van die merker (‘cursor’) uit te vee	J	kennisgebaseerde inligting

(10 × 1) (10)

1.5 Gee EEN term vir elk van die volgende afkortings deur slegs die term langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.5.1 HUB (‘CEO’)

1.5.2 MH

1.5.3 HW

1.5.4 TVS (‘TPS’)

1.5.5 NBS (‘NOS’)

1.5.6 PR (‘PC’)

1.5.7 GGK (‘GUI’)

1.5.8 SVE (‘CPU’)

1.5.9 VFD (‘MFP’)

1.5.10 KSB (‘CRT’)

(10 × 1) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Beskryf die rol van 'n bestuurder in 'n organisasie. (2 × 2) (4)

2.2 Noem enige TWEE besluite wat jy as 'n bestuurder sou maak met betrekking tot personeelvoorsiening. (2 × 2) (4)

2.3 Teken 'n eenvoudige diagram met byskrifte om die DRIE bestuursvlakke in 'n organisasie aan te toon. (3 × 2) (6)

2.4 Lys (in volgorde) die SES stappe wat 'n bestuurder sal volg wanneer 'n besluit op grond van 'n probleem geneem word. (6)

2.5 Bespreek EEN metode waarmee inligting tydens behoefteontleding van werknemers ingesamel kan word. (2)

[22]

VRAAG 3

3.1 Gee 'n voorbeeld om die verband tussen data, inligting en kennis te verduidelik. (7)

3.2 'n Inligtingstelsel bestaan uit verskeie elemente, byvoorbeeld mense en netwerke.



Noem VIER ander elemente van 'n inligtingstelsel. (4 × 2) (8)

3.3 Stel DRIE ontwerpfaktore voor wat in ag geneem moet word wanneer 'n inligtingstelsel ontwerp word. (3 × 2) (6)

3.4 Noem TWEE rolle van 'n inligtingstelsel in die organisasie. (2)

[23]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die konsep van 'n *gesentraliseerde inligtingstelsel.* (2)

4.2 Beskryf TWEE voordele van die gebruik van 'n gesentraliseerde inligtingstelsel. (4)

4.3 Noem 'n soort bestuursinligtingstelsel wat gebruik kan word om voortgaande transaksies te monitor. (2)

4.4 Illustreer hoe verpligte toegangsbeheer gebruik word om ongemagtigde toegang tot lêers te verhoed. (2 × 2) (4)

4.5 Toegangsbeheerstelsels word ingestel om ongemagtigde toegang te verhoed.

Ontwikkel 'n TWEEpuntplan om te illustreer hoe jy ongemagtigde toegang tot 'n werkstasie sou verhoed. (2 × 2) (4)

4.6 Noem TWEE voorbeelde van risiko's vir data in 'n organisasie. (2)

4.7 Onderskei tussen 'n *interne bedreiging* en 'n *eksterne bedreiging* vir 'n onderneming. (2 × 2) (4)

4.8 Stel 'n manier voor om te verseker dat data akkuraat vasgelê word sodat foute vermy word. (2)

4.9 Noem DRIE voordele van die gebruik van rekenaars in die onderwyssektor. (3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 5

5.1 Beskryf hoe die abakus gebruik word om getalle te bereken. (4)

5.2 Onderskei tussen 'n *skootrekenaar* en 'n *digitale tablet*. (2 × 2) (4)

5.3 Noem DRIE soorte rekenaargebruikers. (6)

5.4 Stel TWEE alomteenwoordige toestelle voor wat by jou kampus geïmplementeer kan word. (2)

5.5 Noem 'n soort verwerker wat op 'n rekenaar geïnstalleer kan word om veelvoudige prosesse gelyktydig te hanteer. (2)

5.6 Daar is DRIE kategorieë perifere toestelle: toevoer, afvoer en storing.

5.6.1 Verduidelik die verskil tussen *toevoer- perifere toestelle* en *afvoer-perifere toestelle*. (2 × 2) (4)

5.6.2 Noem 'n stoortoestel wat as rugsteun vir kantoordata gebruik kan word. (1)

[23]

VRAAG 6

6.1 Tabuleer TWEE voordele en TWEE nadele van die gebruik van 'n rekenaar. (8)

6.2 Jy is gevra om advies oor die aankoop van 'n rekenaar te gee. Die stelseleenheid wat uit 'n moederbord en 'n DVD-aandrywer bestaan, is reeds aangekoop.

6.2.1 Stel 'n lys op van die ander komponente wat gekoop moet word om die rekenaar ten volle funksioneel te maak. (3 × 2) (6)

6.2.2 Noem 'n bywerking wat die spoed van die rekenaar sal verbeter. (2)

6.2.3 Noem EEN toestel wat dokumente kan kopieer en skandeer. (2)

6.3 Beveel 'n soort rekenaarterminaal aan wat deur 'n verkoopspersoon gebruik kan word om verkooppunt-transaksies te doen. (2)

6.4 Beskryf hoe die terminaal wat in VRAAG 6.3 aanbeveel is, werk. (4)

6.5 Bestudeer die diagram van die sleutelbord hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.



[Bron: *https://www.dummies.com/computers/pcs/keyboards/the-basic-pc-keyboard-layout/*]

6.5.1 Gee byskrifte vir A–D. (8)

6.5.2 Noem die sleutel wat gebruik word om die hulp-kieslys in Windows te toon. (2)

6.5.3 Noem die sleutel wat gebruik word om karakters regs van die merker te verwyder. (2)

6.5.4 Noem die sleutel wat gebruik word om die merker na die begin van die lyn te skuif. (2)

6.6 Beskryf hoe spraakherkenningstelsels werk. (3)

6.7 Noem die spraakherkenningstelsel wat óf op Android- óf op IOS- mobiele platforms gebruik word. (2)

6.8 Stel 'n spraakopdrag voor wat met die spraakherkenningstelsel in VRAAG 6.7 gebruik kan word. (1)

6.9 Noem TWEE maniere waarop mobiele stoortoestelle opgepas moet word. (2 × 2) (4)

6.10 Bestudeer die diagram van die hardeskyf hier onder en beantwoord die vraag wat daarop volg.



[Bron: *http://ntfs.com/hard-disk-basics.htm*]

Gee byskrifte vir deel A en B. (4)

[52]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou